

GROEIGROEPMATERIAAL

13 – 19 Maart 2022

In Jesus Spore volgens God se wil...



GELOOF: Ek glo...in die Gees geïnspireerde Woord

Die definisie vir die woord Inspireer kan ons die beste sien in die Latyns, waaruit ons die woord leun; *Inspiratio*, wat vertaal kan word met In te asem of om in iets te blaas. Wanneer ons dan lees in 2 Timoteus 3:16 dat “elke skrifdeel God geïnspireer is”, kan ons sê dat elke teks in die Bybel God geadem is, of dat God se asem daarin geblaas is. Tesame met dit kan ons sê dat elke Bybelse skrywer God geadem was toe hulle die betrokke tekste gevorm het en geskryf het. Dit beteken dat tekste ’n gehalte van God in hulle bevat.

Wanneer ons 2 Petrus 1:20-21 lees sal ons sien dat Petrus daar skryf hoe iemand wat ’n teks lees, en dit probeer verstaan, nie dit kan doen bloot uit eie gehalte nie, maar die Gees van God nodig het om die teks uit te lê, ’n vorm van inspirasie. Daarby is die teks nie iets wat nie uit ’n mens, ’n skrywer, alleen kan bestaan nie, maar iets wat van God afkomstig is.

TEKS: 2 Pet. 1:20-21

Vrae:

1. Wat dink jy beteken vers 20 presies vir ons?
2. Wat bedoel Petrus met die woord “profesie” hier?
3. Wat maak Petrus verder vir ons duidelik in vers 21b aangaande die Woord van God en wat presies beteken dit?
4. Kyk na die volgende gelykenisse wat in elkeen van die vier evangelies voorkom asof dít die eerste wonderwerk is wat Jesus gedoen het:
 - Matt. 8:1-2
 - Mark. 1:21-28
 - Luk. 4:31-37
 - Joh. 2:1-12

Hoe maak ons met verskille soos hierdie deur die onderskeie evangelieskrywers in die lig van die feit dat Paulus (2 Tim. 3:14-17) en Petrus (2 Pet. 1:20-21) vir ons kom wysmaak dat die Skrif deur God geïnspireer is?

5. Moet ons in die lig van bogenoemde aanvaar dat die Skrif homself weerspreek, of beteken dit eenvoudig dat verskillende gebeure vir verskillende Bybelskrywers belangrik was? Gesels hieroor.

Om saam te vat...

Ons glo dat elke skrifdeel God geïnspireer is, dit beteken dat wanneer daar tekste verskil, dit verskil met 'n rede wat moontlik te doen het met konteks of tyd van skrywe. Dit beteken dus dat ons nie elke teks uit verband uit moet ruk, of die Bybel altesaam weg te gooi nie, ons lees elke teks met verantwoordelik, en deur die leiding van die Heilige Gees.

Gebedstyd:

- Bid vir die Lydenstyd wat ons nou tegemoetgaan: dat ons elkeen in diepe selfondersoek sal gaan oor ons eie menswees: ons foute, ons tekortkominge, ons sonde.
- Vra vir die Here of daar is iets waarvan jy moet vas, hetsy dit 'n fisiese vorm van kos is, of dalk iets anders.
- Bid vir elkeen wat gedurende die komende skoolvakansie op reis sal wees.
- Bid vir elke persoon op ons voorbiddingslys.
- Bid steeds vir die konfliktsituasie tussen Rusland en Oekraïne. Bid vir vrede en 'n vreedsame uitkoms.

Vertrou volkome op die Here, en moenie op jou eie insigte staatmaak nie.

Spreuke 3:5